# LAERSKOOL KOLLEGEPARK

Nuusbrief: 21 November 2025

**SKOOLFONDS**
Baie dankie aan elke ouer wat die begrotingsvergadering bygewoon het en die begroting goedgekeur het. Graag gee ons 2026 se skoolfonds aan u deur.

**Ouers wat 'n debietorder het by die bank moet asseblief onthou om die nuwe bedrag aan te pas.**

| **SKOOLFONDS** | | | |
|---|---|---|---|
| **Neem kennis: Skoolfonds betaalbaar oor 12 maande** | | | |
| **SKOOLFONDS GR.1 - 7** | **Per kind per maand** | **Totaal per maand per gesin** | **Totaal per jaar per gesin** |
| Enkel leerder (Gr.1 – 7) | R1145 | R1145 | R13 740 |
| 2 leerders per gesin (Gr.1-7) | R1145 | R2290 | R27 480 |
| 3 leerders per gesin (Gr.1 – 7) | R1145 | R3435 | R41 220 |
| 4 leerders per gesin (Gr.1 – 7) | R1145 | R4580 | R54 960 |
| **Geen afslag op vroeër betalings nie** | | | |

| **SKOOLFONDS** | | | |
|---|---|---|---|
| **Neem kennis: Skoolfonds betaalbaar oor 12 maande** | | | |
| **SKOOLFONDS GR.R & RR** | **Per kind per maand** | **Totaal per maand per gesin** | **Totaal per jaar per gesin** |
| Enkel leerder (Gr.R) | R1310 | R1310 | R15 720 |
| Enkel leerder (Gr.RR) | R1440 | R1440 | R17 280 |
| Geen afslag op vroeër betalings nie | | | |

Indien u enigsins 'n probleem sou ervaar om die volle skoolfonds vir 2026 te vereffen, moet u voor die **einde van die 1ste kwartaal** met Mev. Ehlers kontak maak by 072 594 9028. Geen korting of subsidies sal goedgekeur word ná die 1ste kwartaal nie, behalwe vir nuwe leerders wat inskryf daarná.

Ons herinner u dat **uitstaande skoolfonds vir 2025** asseblief betaal moet word voor 09 Desember 2025.

**SKRYFBEHOEFTEPAKKETTE**
Daar is nog enkele skryfbehoeftepakkette in die kantoor te koop vir die volgende grade:
Graad RR, graad R,  graad 2, graad 4, graad 5 en graad 6. Ongelukkig is die pakkette vir graad 1, graad 2 en graad 7 reeds uitverkoop.

**TEENWOORDIGHEIDSREGISTER**
Die teenwoordigheidsregister sal tot en met 28 November bygehou word.

**RAPPORTE**
Leerders kan rapporte op 05 Desember vanaf 07:00-08:15 kom afhaal.

**PRYSUITDELING 2025**

Baie geluk aan elke leerder wat vir getroue en volgehoue harde werk en mooi prestasies op akademiese-, sport-, kultuur- en leierskapgebied vereer is.

**HOOFLEIERS VAN 2026**

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot hoofleiers vir 2026:

- Hoofseun: Hanru Bouwer
- Hoofdogter: Sharmoné Wagener
- Onderhoofseun: Franna van der Westhuizen
- Onderhoofdogter: Stephanie Botha

**SKOOLDAGBOEK KOMPETISIE**

Ons is verheug om aan te kondig dat ons onlangs 'n uiters opwindende kompetisie aangebied het waarin leerders die voorblad vir die 2026-skooldagboek kon ontwerp. Met groot trots kondig ons aan dat Lacy Bolton in Graad 2K as wenner van die grondslagfase aangewys is, en Mischke Jansen van Vuuren in Graad 4L as die wenner van die seniors aangewys is.Beide leerders se kreatiwiteit het uitgestaan, en hul pragtige ontwerpe sal die trotse voorblad van die 2026-dagboek vorm. Baie geluk!

Ons gee 'n paar belangrike datums aan u deur:

- 24 November: Gr.7 - Afskeid
- 25 November: Gr.1 – Inligtingsaand: 17:30 (Gr.1-ouers van 2026)
- 26 November: Ontmoet jou Juffrou: 16:30-17:30 (Gr.RR en RR van 2026)

**PERSONEEL**

Hiermee wil ons, ons opregte dank en waardering uitspreek teenoor Juf. S. Pretorius, wat aan die einde van die jaar haar tyd by die Kollegepark-familie afsluit. Haar professionele toewyding, warm gees en uitmuntende werksetiek het 'n blywende indruk op ons personeel, ouers en leerders gelaat. Sy het deur die jare met liefde, geduld en passie haar klas gevorm en met elke taak 'n standaard van kwaliteit geskep waarop ons trots kan wees. Ons spreek ons innige dank uit vir haar lojale diens en waardevolle bydrae, en wens haar alle voorspoed, vrede en seën toe vir elke nuwe pad wat sy hierna sal stap. Kollegepark sal altyd 'n plek hê waar sy met waardering en trots onthou sal word.

**2026 SKOOLKWARTALE**

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1: | 14 Januarie tot 27 Maart |
| Kwartaal 2: | 08 April tot 26 Junie |
| Kwartaal 3: | 21 Julie tot 23 September |
| Kwartaal 4: | 06 Oktober tot 09 Desember |

**BELANGRIKE DATUMS VIR DIE EERSTE PAAR DAE VAN DIE 2026 SKOOLJAAR**

- 13 Januarie: Graad 1 - leerders ontmoet onderwysers en ontvang boeke tussen 07:00 en 09:00.
- 13 Januarie Graad 4 - leerders ontvang boeke tussen 08:00 - 09:00
- 14 Januarie: Skool heropen vir alle leerders. Graad RR-en R-leerders en ouers kom om 07:30 in die saal bymekaar.
- 16 Januarie: Huissport
- 19 Januarie: Inligtingsaand: Graad 2-7
- 19 Januarie: Alternatiewe dag vir huissport

**LAERSKOOL KOLLEGEPARK NASKOOLSENTRUM**
Ons is verheug om met ouers te deel dat Laerskool Kollegepark vanaf 2026 die naskool oorkant die skool sal oorneem; verdere besonderhede sal op 'n later stadium deurgegee word.

Dankie aan elke ouer en leerder wat bygedra het om van 2025 'n sukses te maak. Dankie dat u saam met die personeel van Laerskool Kollegepark gebou het aan 'n blink toekoms vir u kind en ons trotse skool.

Mag elkeen 'n geseënde Kersseisoen en 'n voorspoedige nuwe jaar beleef. Mag God sy hand van beskerming oor elkeen hou tydens die feestyd.

Kollegepark-groete

**MNR. C.F. HERBST**
**HOOF**

